

# SWIERIGE ROSE

***'n Roos is sinoniem met swier en elegansie. Borduur dié ontwerp in 'n sagte pienk kleur***

**BENODIGDHEDE:** *Anchor-stringgare: 2 stringe olyfgroen 0281; 1 string elk mosgroen 0279, 0280; lig pienk 048, 049, 050, 052 en 059. Gebruik drie drade regdeur; 70 cm ligblou fyn geweefde borduurstof (91 cm breed); prentraam; Milward nr. 7-borduurnaald.*

**AANWYSINGS:** Knip die borduurstof 50 x 50 cm. Vou in die lengte en die breedte en pars liggies om die middelpunt aan te dui. Diagram 1 toon die voltooide ontwerp. Die middelpunt word met stippellyne aangedui. Teken die ontwerp oor op die materiaal. Borduur die ontwerp deur diagram 1 en die kleursleutel noukeurig te volg. Alle dele met dieselfde nommers word in dieselfde kleur en met dieselfde steek gewerk. Diagram 2 en 3 gee aanwysings vir spesifieke steke. Wanneer die ontwerp voltooi is, moet dit liggies aan die verkeerde kant gepars word.

**AFWERKING:** Plaas karton op die verkeerde kant van die borduurwerk. Vou oortollige materiaal na die agterkant en ryg van kant na kant en van bo na onder om die borduurwerk styf te trek en in posisie te hou. Plaas in prentraam. ●

Diagramme op uitvoublad